**30 NOVEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 137**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 137:1-3**

## God help die moedeloses

Psalm 137 is ‘n lied wat dateer uit die tyd nadat Jerusalem verwoes is. Die verwoesting is dié wat die Babiloniërs (Nebukadnesar) veroorsaak het met die wegvoering Babel toe (vs. 3). In groot moedeloosheid sit die ballinge in ‘n vreemde land en dink terug aan Sion (vs. 1). Hulle sit daar in Babel met ‘n gees van droefheid en verlange. Hulle het heimwee na Sion, die stad van hulle God.

Die ballinge, wat moontlik slawe was, moes waarskynlik die wagte deur wie hulle opgepas is, vermaak. Moontlik het wagte hulle gevra om die siter (“lier” – 1983-vertaling) te speel. Die rede waarom die ballinge soveel verdriet ervaar, word weergegee in vers 3. Waarskynlik terg die wagte die ballinge wat deur hulle verdruk word deur te sê: “Sing vir ons 'n Sionslied.” Die ballinge het nie daarvoor kans gesien nie, want ‘n Sionslied was ‘n lied van blydskap. Die siter (lier) het gewoonlik ‘n opgewekte lied begelei. Daarom het die ballinge die siters aan die wilgerbome opgehang. Hulle kan nie die lied van die Here daar in ‘n vreemde land sing nie. Daar word afgode gedien. Die Sionslied is ‘n heilige lied.

Die digter sing tog ‘n lied in vers 5. Hy doen dit in die vorm van ‘n eed. Vir Jerusalem sal hy nooit vergeet nie! As hul vir Sion (Jerusalem) vergeet, sou dit beteken dat hul vir God vergeet. Met die verwoesting van Jerusalem was daar twee volke wat smart oor die mense van Jerusalem gebring het: die Edomiete en die Babiloniërs. Babel en Edom het saam *een* geword, die verpersoonliking van dié wat teen God stry. Hul sal ook so ondergaan. Wat Babel aan die volk gedoen het, sal ook aan hom gedoen word. God sê ook in sy Woord (Jes. 35:4): “Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom met wraak ... Hy self sal kom en julle verlos.” Die wraak kom God toe. Al waarop hulle kan wag, is die Here se wraak oor Babel. Dit kom met die wederkoms van Christus. Vir sy volk, ons, is daar die troos dat Hy sy volk nooit sal vergeet nie. Hy sal *jou* ook nooit vergeet nie.

*Sing: Psalm 137:1* *Gert Erasmus (Teologiese student)*